DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SUID-AFRIKA

N U U S B R I E F

UITGAWE 1 2022

Die graf van Joanna Fourie,
Hervormde Gemeente, Groot-Marico

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731

Datums van byeenkomste, jaarvergaderings (in donker gedruk), asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2022

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Goudveld
	19 Maart			**5 Feb**
	21 Mei			2 April
	20 Aug			
	8 Okt			
	26 Nov			
Flip Snyman	Hugo Radley	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger
011 955 3615	083 450 7435	082 542 1908	016 932 1897	057 398 1022
082 624 5308			076 389 7079	084 598 1022

Om te verseker dat ons gewaardeerde ondersteuners geen voordele van die TBK misloop nie, word u versoek om ledegeld op datum te hou deur van die aftrekorderstelsels gebruik te maak. U bydrae gaan nie ongesiens verby nie en ons verstaan dat lede dalk hard getref is gedurende hierdie moeilike tye. Skakel gerus met ons om te praat oor u unieke situasie. Die lidmaatskapfooi beloop R80,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet aan lidmaatskap@boeremusiek.org, of **Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731** gestuur word.
Gebruik asseblief u lidnommer, voorletter en van as verwysing.

Neem asseblief kennis van die debietorderpryse:

R25,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R34,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R50,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae aangaande debietorders het, kontak gerus Martin Dorfling by 082 542 1908 of lidmaatskap@boeremusiek.org.

Bankbesonderhede: TBK, ABSA, Tjekrekening, Rekeningnommer 090281062
Laserskywe en TBK-verwante items: Aletta Dorfling, verkope@boeremusiek.org 010 541-0978, Kiepersolstraat 30, Wilropark, Roodepoort, 1731 *of* Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731.
TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org

Tradisionele Boeremusiekklub

TBK se amptelike WhatsApp groep, of volg die skakel op Facebook

Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan:
nuus@boeremusiek.org in "**Word**"-formaat asseblief.
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

Luister na die Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM, Boeremusiek: Toeka tot Nou, aangebied deur Hugo Radley en Martin Dorfling. Hulle gesels onder meer oor orkesleiers, musikante en musiekinstrumente. Vir gedagtes, kommentaar of sommer net gesels, kan hulle gekontak word by hradley@global.co.za. U kan na Pretoria FM luister op 104.2 fm, DSTV musiekkanaal 887 of op die internet www.pretoriafm.co.za. Die program word Vrydagaande om 19:15 uitgesaai.

n Vrolike mens is 'n gesonde mens, `n neerslagtige mens raak uitgeput.
- Spreuke 17:22 -

IN MEMORIAM

Ansie Bold
18 Januarie 2022

Sonia Swanepoel
4 November 2021

Tannie Babs van Zyl
7 Mrt 1920 – 22 Nov. 2021

SKRYWES ONTVANG VAN LEDE

Ta' Mart en die astrante Konstabeltjie

Ta' Mart se verhaal is nie volledig sonder die episode van die astrante konstabeltjie nie.

Gedurende die depressiejare was die verkoop van drank sonder lisensie natuurlik net so onwettig soos nou. In die geval van sukkelende weduwees soos ta' Mart het die owerhede dikwels verkies om maar anderpad te kyk. Hulle was nou nie agter olieboste uitgeskop nie en het presies geweet wat aangaan.

Die wat vertroud is met die sinkhuisies van destyds sal weet dat hulle dubbelmure gehad het. Sou mens 'n vensterbank loshaal dan is daar 'n groot spasie waarin bottels ensomeer, versteek kon word.

So kom daar eendag 'n jong konstabeltjie met ambisies voor ta' Mart se deur te staan. Hy wou toe met alle geweld 'n vensterbank uithaal om te kyk of daar drank weggesteek word. Hy het egter nog nie met ta' Mart te doen gehad nie. G'n poeliesman betree haar huis sommer so sonder 'n lasbrief en maak soos hy wil sonder om moeilikheid op die hals te haal nie!

So, jy wou graag 'n nuwe jaar gehad het?
Dan moet jy ook nou wil leef volgens 'n nuwe jaar, en nie volgens die oue!
- Rita Kubla -

Ta'Mart het hom aan sy lapelle beetgekry en hom netjies bo-op haar warm stoof neergesit. Daarna het ta'Mart geen verdere las gehad van die astrante konstabeltjie nie.

J.O. Fourie, onvermoeide versamelaar van Boeremusiekwysies

Joanna Everharda, gebore La Riviere, is gebore op 17 September 1884 in Zwolle, Nederland. Sy sterf op 12 Maart 1973 in Pretoria.

Nadat sy die diploma vir klavier van die Koninklike Nederlandse Toonkunstenaarsvereniging behaal het, vertrek sy in 1911 na haar nuwe Vaderland met haar eggenoot, ds. (later dr.) H.C.M. Fourie.

Jo se belangstelling in die Afrikaanse volksmusiek was geprikkel deur 'n radioprogram van internasionale volkmusiek waarna sy tydens 'n verblyf in Indonesië in 1934 geluister het. Gedurende 1937 stig sy haar eie Boereorkes in Marico. Haar seun, Hugo, het haar hierin onderskraag en het later bygedra tot die aantekening van Boermusiekwysies.

Die grafte van Dr. H.C.M. Foure en sy eggenote, Joanna Fourie. Die foto is geneem op 28 November 2020 te Hervormde Gemeente, Groot-Marico tydens 'n kranslegging van die 2020-vertaling van Die Bybel in Afrikaans.

Dr. Fourie sterf op 5 Augustus 1939 waarna Jo haar met 'n verdere diploma (LTCL in 1942) bekwaam sodat sy haar vir broodgewin op musiek kon toespits.

In 1952 rig die SAUK ‘n oproep aan die luisteraars om volksmelodieë in te stuur vir die programreeks “Uit die jaar vroeg”, behartig deur Bosman de Kock en Anton Hartman, bygestaan deur Hendrik Susan en sy Orkes. Daar was groot opwinding toe Jo Fourie reageer met ‘n versameling van meer as 300 wysies. Hierdie geesdrif het haar aangespoor om in 1952-1953 die land stelselmatig deur te reis om by ou sangers en musikante musiek op te teken. Op die ou end het sy ruim 1 155 wysies versamel. Tans word dit in bewaring gehou deur die Merensky Biblioteek op die kampus van die Universiteit van Pretoria.

Die Vier Fouries Boereorkes het bestaan uit Jo – Tjello, Hugo Anton – konsertina, Herman Christiaan (Manie) – Kitaar en Aletta Hillegonda (Kintie) – kitaar.
Hulle het vyf plate gemaak nl. Marico Settees, Marico Wals, Kinta se Polka, Pollie Wit Wals en Draai Bobbejaan.

Hierdie is ‘n verkorte uittreksel uit die boek “Die ontstaan en ontwikkeling van Boeremusiek” deur W.A.L. Schultz.

Stephaan van Zyl

TBK-webblad hulp

Die TBK se webblad is in 1993 begin, kort nadat die Internet deur diensverskaffers vir kommersiële en publieke toegang beskikbaar gestel is. Die webblad ondersteun die doelwitte van die Klub as ‘n toonaangewende platform vir inligtingdeling, bemarking, navorsing en genot.

Die Klub is op soek na persone om met instandhouding en/of verdere ontwikkeling van die webblad te help. Daar is twee aspekte:
Ontwikkeling - Soos tegnologie ontwikkel wil ons graag die gebruikerservaring verbeter (bv. deur integrasie met ander platforms en mobiele toestelle).
Instandhouding - Die impak van Covid-19 het aangedui dat ‘n wyer basis van kennis in die basiese bedryf van die webblad nodig is ingeval iemand skielik onbeskikbaar word.

Kontak ons asseblief op info@boeremusiek.org as u belangstel om Boeremusiek op enige van hierdie wyses te ondersteun.

Groete, Sean Minnie

Goeiedag TBK-ondersteuners. Ek vertrou dat dit met julle goed gaan. Iets wat my nog altyd gefassineer het, is waar die invloede van ons tradisionele boeremusiek vandaan kom. Ons gaan bietjie kyk na van ons bekende nommertjies en hulle oorsprong. Daar is natuurlik nog vele ander wat ons in toekomstige stukke gaan plaas.

Ons eerste stop: Amerika! Kom ons skop die program af om te kyk na een van ons immergroen en gewilde walse. In 1879 is *"I'll be all smiles tonight"* gekomponeer, en getoonset deur 'n ene T. B. Ranson. Daar is vele opnames gemaak van die bekende liedjie, populêr gemaak deur die Carter familie in 1934. Die nommertjie is natuurlik niks anders as ons bekende en beminde Kalfie Wals nie.

Alhoewel die volgende liedjie eintlik in Engeland gekomponeer is, herinner dit sterk aan Amerikaanse *"Country"* musiek. Michael Carr en Hamilton Kennedy komponeer in 1934 in Engeland een van die liedjies wat 'n groot wending in Suid-Afrika voortgebring het. Die liedjie, *"Ole Faithful"*, word in dieselfde jaar opgeneem deur Jay Wilbur en sy orkes. Daar is ook 'n ander liedjie deur Kennedy, wat sterk herinner aan *"Ole Faithful"* – *"Roll along, covered wagon"*.

Nou gaan ons bietjie na Europa. Tydens 1927 komponeer die Tsjeggiese komponis, Jaromir Vejvoda, 'n polka met die naam – *"Modřanská polka"* (*"Polka of Modřany"*). Vejvoda het die hulp gehad van Eduard Ingris. Die liedjie staan ook bekend as die *"Roll Out the Barrels"*, *"Beer Barrel Polka"*, of *"The Barrel Polka"*. In Duitsland was die lied 'n treffer onder die naam *"Rosamunde"*. In Suid-Afrika word die lied gespeel as die Biervat polka. In 1939 komponeer die Italiaanse komponis, Eldo Di Lazzaro – *"Reginella Campagnola"*, of dan die *"Woodpecker Song"*. Die Engelse lirieke word gepen deur Harold Adamson. Die liedjie het in 1940 'n treffer geword toe dit opgeneem is deur Glenn Miller en sy orkes, die Andrews Susters en Kate Smith. Die lied word dan bekend as die Houtkapperslied, bespeel en gesing deur Dawid de Lange.

Ons keer nou weer na die Amerikas. In 1888 komponeer die Meksikaanse komponis, Juventino Rosas, *"Sobre las olas"*. Volgens die "*Oxford Companion to Music*" is dié nommer een van die bekendste Latyn-Amerikaanse musiekstukke. Die nommer word ook beskou as 'n populêre klassieke wals. In Suid-Afrika is die liedjie in boeretaal op die konsertina gespeel as O'ver die Water wals. In 1901, word die mars "*Blaze Away"* gekomponeer deur Abe Holzmann, 'n Duits-Amerikaner, en word gesien as sy grootste sukses. Die komposisie was geïnspireer deur die geveg van Manilabaai, gedurende die Spaans-Amerikaanse oorlog van 1898, toe die bevel aan die Amerikaanse vloot gegee is om te begin afvuur – *"Well Boys, let's Blaze Away"*. Die vier Hugenote, o.l. van Willie Palm, neem dan hierdie militêre tweepas en verwerk dit as Gwen se Polka. Gwen se Polka is ook nie enige een se maat as dit kom by die begeleiding nie en is een van ons meer komplekse nommertjies in tradisionele boeremusiek.

Vanuit die Amerikas gaan ons Brasilië toe en dan Ierland toe. In 1917 komponeer die Brasiliaanse musikant en komponis, Zequinha de Abreu, *"Tico-Tico no Fubá"*. Die lied se naam is oorspronklik vertaal na 'n Swaeltjie in die Semels. Willie Welgens neem dan

die liedjie vir ons boeremusiekliefhebbers op. Die bladmusiek van *"Ten Pretty Girls"* word gepubliseer in 1937. Die musiekstuk word gekomponeer deur 'n Ier, Jimmy Kennedy en 'n Oostenryker, Will Grosz. Die paar bring ook vir ons *"Isle of Capri"*. Tien Mooi Nooiens is een van ons onderskatte juwele in die boeremusiekskatkis.
Die lied "*The Umbrella Man*", ook bekend as "*Any Umbrellas?*" word in 1924 gepubliseer en vir die eerste keer lewendig opgevoer in 1939 tydens die revue "*These Foolish Things*". Die liedjie was gekomponeer deur James Cavanaugh. Die Sambreelmaker is sekerlik een van die mooiste nommertjies van Dawid de Lange. Die laaste nommertjie is 'n voorbeeld waar Suid-Afrika 'n invloed gehad het op die internasionale musiekbedryf. 'n Weergawe van *"Sugar Bush"* word deur Fred Michel gekomponeer in 1930. Dit is in Engels vertaal deur Josef Marais. Die bekendste weergawe van die lied word dan ook in 1952 opgeneem deur Doris Day en Frankie Laine wat dit as 'n duet gesing het. Niks anders as Suikerbossie nie!

Ek hoop dat u die skrywe geniet het, ek sal spoedig weer so maak.

Groetnis
Martin Dorfling

"Dit is net so moeilik om maklikheid in die ou wêreld te kry, as wat dit maklik is om moeilikheid te kry ."
C. J. Langenhoven

SKRYWES ONTVANG VANAF TAKKE

PRETORIA-TAK

Die aaklige Corona-virus het erge nagevolge vir ons tak gehad. Nie alleen is ons voorsitter, Nico Blom en gade oorlede nie, maar het baie van ons ander lede van ons bestuur bedank, omdat hul gesondheid en ander redes, hul nie toegelaat het om verder aan te gaan met die werksaamhede van die tak nie.

Ons ondervoorsitter, Hennie Bezuidenhout, het sy bes probeer om ook onder moeilike omstandighede die tak bymekaar te hou en te probeer voortleef. Ongelukkig, omdat soveel mense nie verder kon werk nie, moes die tak noodgedwonge dormant verklaar word.

Die hoop bly egter dat daar wel een of ander tyd weer iemand sal opstaan om voort te gaan met hierdie werk en vir die wonderlike TBK sodat ons geliefde tak sal heropen. Ons glo die Hoofbestuur en die mense wat daar aan die werk is, sal met ‘n oplossing kom en ons glo dat almal binnekort gaan verneem dat die byeenkomste in volle swang gaan kom en almal weer sal kan saamkuier en weer kan luister na die musiek van ons harte.*
Ons wil hiermee die Hoofbestuur, elke lid, elke besoeker, elke musikant, elke lid van die bestuur van die Pretoria-tak van die TBK wat soveel beteken het, uit ons harte bedank vir al jul ondersteuning, bystand en harde werk. Ons onthou ná die byeenkomste hoe so baie van ons besoekers gehelp het om die saal op te ruim. Ons harte is seer dat dit nou nie meer gaan gebeur nie. Ons gaan so verlang na elke byeenkoms en vergadering met ons mense.
Dankie vir julle omgee. Moenie ophou om byeenkomste by te woon nie, al is dit nie onder die vaandel van Pretoria-tak nie. Tradisionele Boeremusiek sal voortleef - al is dit op watter ander manier ookal.
Spesiale dank aan die lede van die Bestuur van die Pretoria-tak. Julle het ons hande hoog gehou. Hou aan om deel te wees van die TBK, dis mos ons almal se groot liefde!
Ons wens almal ‘n geseënde jaar toe en vertrou dat ons nog baie musiek van ons musikante sal hoor.

Groete van huis tot huis en glo en vertrou die Heer is in beheer van alles.

Hennie Bezuidenhout
Namens die dormante TBK tak van Pretoria

***Tydens ‘hoofbestuursvergadering, is daar besluit dat ’n nuwe komitee verkies gaan word tydens die byeenkoms van 19 Maart 2022.**

WESRAND-TAK

Goeiedag aan al ons boeremusiekvriende.

Na die ruskans oor die Feesgety is die jaar alweer in volle swang en ons begin stadig maar seker weer spoed optel soos ons toegelaat word.
Die Covid-pandemie het baie skade aan ons samelewing oor die afgelope twee jaar aangerig, so ook aan ons TBK-byeenkomste.
Na die afsterwe van Nico en Amanda Blom van die Pretoria-tak, het die ondervoorsitter oom Hennie Bezuidenhout, die oorblywende bestuur asook bestuurslede van ander takke

koppe bymekaar gesit. Op 2 Oktober en 27 November 2021 is daar funksies met beperkte toegang in Pretoria gehou.
Dit was weer lekker om bymekaar te kom en te kuier en jy kon die honger na Tradisionele Boeremusiek en lekker dans waarneem.
Weens die feit dat oom Hennie swaksiende is, het hy besluit dat hy nie verder kans sien om voort te gaan met die Pretoria-tak nie en het vervolgens bedank as ondervoorsitter. Daarna het nog van die bestuurslede bedank as gevolg van gesondheids- en ander redes. Die kerksaal wat gebruik word vir die geleenthede is nie weer beskikbaar gestel nie omrede die kerk 100 jaar oud is hierdie jaar en baie ander funksies daar gehou gaan word. Daar is met die Hoofbestuur samesprekings gehou en die besluit is geneem dat die Pretoria-tak tydelik dormant sal bly totdat geskikte persone na vore kom wat die doelstellings van die TBK wil voortsit.
Aan die Wesrand word die saal wat gewoonlik vir TBK-byeenkomste gebruik word, as ‘n inentingsentrum gebruik vir Covid. Ander sale in die omgewing is nie geskik of beskikbaar vir funksies nie. Ons hoop om weer die saal te kan gebruik sodra alles weer na normaal terugkeer.
Die Vaaldriehoek-tak sit ook met dieseldfe dilemma. Die saal wat gebruik word, is nie vir byeenkomste beskikbaar nie, maar dinge lyk nou positief.
Wat die Oosrand-tak betref, is geen datums vir 2021/2 bespreek nie as gevolg van die inperkings wat bestaan het.
Die Goudveld-tak van die TBK het op 5 Februarie 2022 kop uitgesteek en hul eerste byeenkoms op Koppie-Alleen gehou. Die Wakis Orkes en lede van die Outydse Klanke het pragtige boeremusiek daar verskaf tydens die byeenkoms. Goudveld-tak hou weer ‘n byeenkoms op 2 April by die Koppie-Alleen Laerskoolsaal.
Die Hoofbestuur het toe die **Polsslag Voortrekkersaal te Gloverlaan, Die Hoewes,** Lyttleton, Centurion, Pretoria bekom vir byeenkomste wat baie sentraal geleë is vir ons ondersteuners. Daar is toe besluit dat die toekomstige byeenkomste vir die jaar daar gehou sal word. Die byeenkomste word deur die Oosrand-, Wesrand- en Vaaldriehoek-takke aangebied, asook ander vrywilligers.

Die volgende datums is bespreek, so merk dit asseblief:
19 Maart 2022 – 21 Mei 2022 – 20 Augustus 2022 – AJV 8 Oktober 2022 – 26 November 2022

Verrigtinge begin 17:00 tot 23:00, ek hoop om almal daar te sien!!!

Boeremusiekgroete
Flip Snyman

KATALOGUS – 2022

Kontak Aletta Dorfling 010 541-0978 of verkope@boeremusiek.org in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Laserskywe word per koerier (Aramex) gestuur teen R100.

Willie Badenhorst se Orkes – Tradisionele Boeremusiek uit die Wakis	R100
Die Sandvelders – Gaan Kuier	R100
Lourens van Zyl & sy Orkes – Note vir Attie	R100
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R100
Die Kaapland Boereorkes	R100
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R100
Die Lekker Kêrels	R30
Die Wakis Orkes	R100
TBK 35 Jaar (Dubbel laserskyf)	R50
Hans la Grange (Vol. 3, 4, 5 & 6)	R100 elk

Nuwe Vrystellings:

Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 4)	R100
Nico van Wyk	R100
Al met die Stofpad Langs – Kaapland Boereorkes	R100
TBK 40-jaar (Dubbel laserskyf)	R140
Stephaan Speel Boerekonsertina	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 3)	R100
Willie Welgens	R100
Boeretroos Boereorkes	R120
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 2)	R100
Kampvuur Klanke uit die Vaaldriehoek	R120
Oom Gideon van Rooyen	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 1)	R100
Piet Snyman – Piet Snyman en Vriende	R100
Jan Mans – Oud maar nie Koud	R100
Jan Mans – Maricomusiek	R30
Magalies Orkes – speel Boeremusiek	R100
Piet Snyman – Wals vir Antoinette	R100
Die Sandvelders: Namakwaland toe	R100
Outydse Klanke Orkes Boerekonsert	R100

Streef daarna om wysheid te bekom; maar intelligensie word nêrens in die Bybel geroem nie.
- Anoniem -

Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100
Die Wakis Orkes: O'ver die water	R100
Frik Smit en sy orkes	R100
Outydse Potjiekos (Vol. 3)	R30
Dawid de Lange (Vol. 3)	R30
Oom Boet Steyn se Laaste	R30

Kies enige drie van die volgende laserskywe en betaal slegs R200:

Piet Snyman – Piet Snyman en Vriende	R100
Jan Mans – Oud maar nie Koud	R100
Magalies Orkes – speel Boeremusiek	R100
Wals vir Antoinette – Piet Snyman	R100

Herdrukte laserskywe:

Oudag Boereorkes (Dubbel laserskyf)	R140

Boeke:

Die Ontstaan en Ontwikkeling van Boeremusiek – Wal Schultz	R50

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan 'n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo's en kitare.
Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor 'n handleiding oor hoe om 'n konsertina te bespeel.
Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

Waarskynlikheid en waarheid is twee verskillende terme met verskillende betekenisse.
- Anoniem -